

LEWENSLOOP EN AKADEMIESE LOOPBAAN VAN F A VAN JAARVELD

1 Jeug- en skooljare

Floris Albertus van Jaarsveld is op 5 Junie 1922 op die plaas Rooiwal 295 in die distrik Heidelberg, sowat 16 kilometer van Villiers af, as die vyfde van sewe kinders van boere-ouers gebore. Gedurende die depressiejare gaan hy eers skool aan die plaasskool op die plaas Rietvlei 190, Grootvlei, oor Balfour, en daarna aan die laerskool Rietfontein waar hy in 1936 standerd VI slaag. Daarna woon hy die Hoërskool Heidelberg, Transvaal, by waar hy in 1940 sy matriek slaag met onderskeiding in geskiedenis en natuurwetenskap.

2 Onderwyskollege- en universiteitsloopbaan

Met 'n beurs van die onderwysdepartement volg hy 'n hoër onderwysdiplomakursus en woon as student aan die Pretoriase Onderwyskollege lesings aan die Universiteit van Pretoria by. Die BA-graad behaal hy in 1943 met lof in albei hoofvakke — Aardrykskunde en Geskiedenis. Hy verkry toestemming om in 1944 die MA-eksamendeel aan die Universiteit van Pretoria te loop onder leiding van proff. I D Bosman, S P Engelbrecht en A N Pelzer.

Gedurende 1945 het hy voltyds aan sy MA-dissertasie gewerk oor *Die rol van die veldkornet in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870* en in 1946 is die MA-graad met lof aan hom toegeken. Hy gee gedurende die eerste helfte van 1946 onderwys aan die Langenhoven Junior Hoërskool, Pretoria, en gedurende die tweede helfte aan die Brandwag Hoërskool, Benoni. Gedurende 1947 werk hy weer voltyds vir sy Doktorsgraad wat aan die Universiteit van Groningen gevolg sou word. Die tweede semester van 1947 tree hy as tydelike dosent in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria op. In Desember 1947 vertrek hy en sy vrou, mej. Helet van der Spuy, met wie hy op 2 Julie van daardie jaar in die eg verbind is, na Nederland.

3 Studiejare in Europa

In Nederland het die jong Van Jaarsveld onder leiding van prof. jhr. dr. P J van Winter en prof. Helmuth Plessner gestudeer. Hy woon ook voorlesings in die sosiologie deur prof. P J Bouman by. Hy lewer 'n skripsie in oor die 17de en 18de eeuse betrekkinge tussen Nederlanders en Engelse, en lê die doktorale eksamen suksesvol af. Hy ondersoek ook verdere bronne by die Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Vereniging in Amsterdam en woon lesings van die bekende Jan Romein en van H J Pos en dr. J Presser by die Gemeentelike Universiteit by ten einde sy intellektuele horison te verbreed. Daarna doen hy ook navorsing in die Public Record Office in Londen. Hy handig ná sy terugkeer in Nederland die doktorale proefskrif in oor *Die betrekkinge tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat, I: Pioniershartstogte, 1836—1864*, op grond waarvan hy in September 1950 gepromoveer het. Voor sy terugkeer na Suid-Afrika besoek hy Duitse universiteite as rondgaande gasstudent, onder andere Bonn, Frankfurt en Erlangen.

4 Onderwysloopbaan

Oktober 1950 keer hy terug na Suid-Afrika en bekleed daarna verskeie onder-

wysposte, van Oktober 1951 tot Maart 1953, aan die Helpmekaar Hoër Seunskool en die Highlands North High School in Johannesburg. Gedurende die tweede kwartaal van 1953 neem hy tydelik as dosent waar aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Hy keer terug na Highlands North en gee daarna, in 1956 en 1957, onderrig aan die Kensingtonse Afrikaansmedium-Hoërskool. Deur die onderrig het hy die geskiedenis oorsigtelik leer ken en sy aantekeninge is verwerk in 'n reeks skoolgeskiedenisboeke, *Nuwe Geïllustreerde Geskiedenis vir die Hoërskool*, wat van 1958 af begin verskyn het.

Universiteitsdosent

Van 1958 af was dr. Van Jaarsveld senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy behartig kursusse op voorgraadse en honneursvlak asook 'n kursus vir Diploma-studente waarvan sy lesings gepubliseer word as *Teorie en Metodiek vir Geskiedenis-onderrig*.

In Julie 1967 keer hy na Johannesburg terug en lê die grondslag van 'n nuwe Geskiedenisdepartement aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Hier verskuif sy belangstelling na die stedelike geskiedenis na aanleiding van die projek oor die koms van die Afrikaners na die Goudstad wat hy daar vestig en lei.

In 1973 keer hy terug na sy Alma Mater, die Universiteit van Pretoria. Hier bring hy vernuwing en leerplan-inhoude en lewer pleidooie vir die wegbeweeg van politieke na sosiaal-ekonomiese geskiedenis. Hy ondersoek ook die argiewe in dié rigting met die oog op leiding aan nagraadse studente. In die afgelope nege jaar publiseer hy ook baie aktualiteitsopstelle en gebundelde opstelle oor die Suid-Afrikaanse en Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie. Tans is hy besig om te werk aan twee bande om sy *Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, I*, op te volg en die tema tot 1899 deur te trek.

Akademiese besoeke aan die buiteland

In 1964 bring dr. Van Jaarsveld besoek aan sowat 20 universiteite in die V S A en Kanada om die stand van die werk en denke oor die historiese metode, teorie en historiografie te bepaal. In 1967 besoek hy Brittanje 'n maand lank as gas van die Britse regering en doen aan by die Universiteite van Sussex, Oxford, Cambridge, Newcastle-Upon-Tyne en andere.

In 1976 gaan hy op eie koste na München om op uitnodiging van prof. Thomas Nipperdey 'n seminar oor die "Urbanisering Suidafrikas" te lewer. Tydens dié besoek maak hy ook kennis met verskeie vooraanstaande Duitse historici. Hy besoek ook die universiteite van Tübingen en Münster en gee by laasgenoemde op prof. Hans Dollinger se versoek 'n lesing oor die kwessie van vryheid en onvryheid in Suid-Afrika. Hy bring ook besoek aan sy Alma Mater, die Universiteit van Groningen, se Geskiedenisdepartement, asook aan dié van die Vrije Universiteit van Amsterdam, Leiden en Utrecht.

In 1978 lewer prof. Van Jaarsveld 'n referaat in New York op uitnodiging van die Instituut vir Plurale Samelewings en besoek by dié geleentheid ook die Princeton-Universiteit.

In 1980 neem 'n studieprogram hom na Frankryk waar hy besoek aflê aan die Franse Annalesskool in Parys, die Universiteit van Parys se sentrum vir Afrika-navorsing, die Franse Akademie vir oorsese wetenskappe, en die Dokumentasiesentrum van prof. Robert Cornevin.

7 Toekennings

Prof. Van Jaarsveld het die volgende toekennings ontvang:

Lid van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden, 1962.

Volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1963.

Oorkonde van die Afrikaanse Studentebond vir die bevordering van die Afrikaanse Handboek.

Stalsprys vir Kultuurgeskiedskrywing van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1973.

8 Studieleiding aan studente

Prof. Van Jaarsveld het alreeds aan drie doktorsale buitelandse studente uit onderskeidelik Nederland, Frankryk en Brittanje in Suid-Afrika leiding gegee. Daarby het hy tot dusver vir altesaam ses Doktorsale studente in Suid-Afrika as promotor opgetree. Hy was ook eksterne eksaminator vir nege D Phil-proefskrifte.

Onder sy leiding is twintig MA-verhandelinge voltooi, terwyl hy vir 14 sodanige dissertasies as eksterne eksaminator opgetree het.

9 Verenigings en buite-verantwoordelikhede

Lid van die Argiefkommissie, 1968—1974.

Lid van die Transvaalse Onderwysdepartement se leergangkomitee vir hersiening van Geskiedenisleergange.

Adviseur vir *School Library/Skoolbiblioteek* se redaksie.

Voorsitter van die Kommissie van Toesig oor die geskiedskrywing van die Tweede Vryheidsoorlog deur die twee staathistorici.

Voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika sedert 1978.

Hoofredakteur van *HISTORIA* sedert 1973.

Lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Kommissie vir Geskiedenis.

Adviseur i.v.m. *Africana*-herpublikasies vir die Staatsbiblioteek.

10 Publikasies

Oor die laaste drie dekades het prof. Van Jaarsveld 'n ontsagwekkende getal publikasies die lig laat sien. Om alles te lys, veral wat die artikels betref, sou te veel ruimte in beslag neem. Wat hier volg is dus hoofsaaklik boeke en brosjures. Slegs wetenskaplike artikels is gelys wat berus op navorsing in argiewe of ander bronne. Aktualiteitsartikels wat neerkom op diagnose of vertolking van tydgenootlike vraagstukke, studies van kultuur- of geesteshistoriese aard, en pedagogiese studies is nie gelys nie.

SISTEMATIESE BIBLIOGRAFIE: F A VAN JAARSVELD, 1946—1982

BOEKE EN BROSJURES

Wetenskaplike geskiedskrywing berustende op navorsing in die argiewe

Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870.

M A-dissertasie, U P 1945. Argiefjaarboek vir S A Geskiedenis, 1950, II, pp. 187–354 (167 pp.).

Die eenheidstrewa van die Republikeinse Afrikaners I, Pioniershartstogte, 1836–1864. Impala Opvoedkundige Diens, Johannesburg, 1950, 329 pp.

Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868–1881. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1957, 1959², 200 pp.

The awakening of Afrikaner nationalism. Human en Rossouw, Kaapstad, 1961, 295 pp.

Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms. Mede-redakteur en skrywer van pp. 33–69. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1966, 307 pp.

Vaalrivier omstrede grenslyn. Perskor, Johannesburg, 1974, 1975², 257 pp.

Die Eerste Vryheidsoorlog, van verzet en geweld tot skikking deur onderhandeling, 1877–1884 (hoofredakteur, en pp. 257–268). H A U M, Pretoria, 1980, 282 pp.

2 Diagnoses of vertolkings van ons tyd (eietydse geskiedenis)

Die verlede spreek. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1965, 62 pp.

Afrikaner quo vadis? Voortrekkerpers, Johannesburg, 1971, 148 pp.

Die verstedeliking van die Afrikaner. 'n S A U K-publikasie, Johannesburg, 1972, 42 pp.

Omsingelde Afrikanerdom, opstelle oor die toestand van ons tyd. H A U M, Pretoria 1978, 272 pp.

1.3 Studies van kultuur- of geesteshistoriese aard: metodologies, historiografies en teoreties

Van apologetiek en objektiwiteit in ons kerkgeskiedskrywing. Twee metodologies-kritiese opstelle. Kaapstad, 1953, 76 pp.

Die Afrikaner se geskiedsbeeld. Mededelings van U N I S A, B6, 1958, 33 pp.

Die Afrikaner en sy geskiedenis. Kaapstad, 1959. 124 pp.

Ou en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. (intreerede). Mededelings van U N I S A, A16, Pretoria, 1961, 60 pp.

Die tydgenootlike beoordeling van die Groot Trek, 1836–1842. Mededelings van U N I S A, C36, Pretoria, 1962, 56 pp.

Die beeld van die Groot Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, 1843–1899. Mededelings van U N I S A, C42, Pretoria, 1963, 82 pp.

Die hervertolking van ons geskiedenis. Simposium (red): Mededelings van U N I S A, B19, Pretoria, 1962 (skrywe pp. 7–26).

Lewende Verlede. A P B, Johannesburg, 1962, 258 pp. ('n bundel opstelle uit vorige werk).

The Afrikaner's interpretation of South African History. Simondium, Kaapstad, 1964, 199 pp. (Vertaling van voornoemde.)

Mede-redakteur (C F J Muller, F A van Jaarsveld, T van Wyk): *A select bibliography of South African history, a guide for historical research.* Mededelings van U N I S A, D3, Pretoria, 1966, 214 pp.; in 1979 gepubliseer as *South African History and Historians. A Bibliography.* Documenta 21, U N I S A, 411 pp.

Die eise van ons tyd aan die geskiedskrywing. Publikasiereeks van R A U, A4, Johannesburg, 1968, 30 pp.

Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus. Publikasiereeks van R A U, B3, Johannesburg, 1973, 80 pp.

Geskiedkundige Verkenninge ('n bundeling van vorige studies). Van Schaik, Pretoria, 1974, 250 pp.

Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle. ('n Bundel studies). Tafelberg, 1979, 175 pp.

Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie. H A U M, Pretoria, 1980, 165 pp.

Wie en wat is die Afrikaner? Tafelberg, Kaapstad, 1981, 191 pp.

1.4 Pedagogies: oor die onderrig van geskiedenis op skool en aan die universiteit: teorie en hulpmiddele

1.4.1 Universiteit

Teorie en metodiek vir geskiedenisonderrig. (Teoretiese agtergrond vir die geskiedenisonderrig, pp. 15–107). Saam met J I Rademeyer. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960, 230 pp. 3de druk, 1973.

Theory and method of teaching history. Vertaling van genoemde werk. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1964, 182 pp.

Oor geskiedenis en geskiedskrywing. Radio-universiteit, n S A U K-publikasie, Johannesburg, 1964, 24 pp.

Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652–1966, 'n inleiding tot die geskiedenis van Suid-Afrika. Perskor, 1969, 470 pp. Tweede druk, aanvullend, 1976²: *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652–1974*, 580 pp.

From Van Riebeeck to Vorster, 1652–1974. (vertaling.) Perskor, Johannesburg, 1975, 484 pp.

100 Basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648 -1961 (redakteur). Nasou, Kaapstad, 1972, 1980², 250 pp.

'n Inleiding tot die studie van geskiedenis. Nege voorlesings vir voorgraadse studente Nasou, Kaapstad, 1974.

4.2 Die middelbare skool

Geskiedenis as skoolvak. ('n Bundel van opstelle uit tydskrifte). Voortrekkerpers Johannesburg, 1966, 124 pp.

Geskiedenisonderrig in Suid-Afrika vandag — enkele probleme en wenke Publikasiereeks van R A U, A 26, Johannesburg, 1969, 30 pp.

Probleme by die onderrig van geskiedenis 'n bundel artikels uit tydskrifte Van Schaik, Pretoria, 1976, 121 pp.

5 Skoolgeskiedenisboeke

Geskiedenis vir standerd Ses (gedifferensieerd) Voortrekkerpers Johannesburg 1958¹, 149 pp., 1964⁴ (190 pp.).

Geskiedenis vir standerd 'II (gedifferensieerd) Voortrekkerpers, Johannesburg 1958, 219 pp (1965⁴).

Geïllustreerde geskiedenis vir standerd VIII (gedifferensieerd). Voortrekkerpers, Johannesburg, 1958, 1960², 240 pp. (1964³).

Geïllustreerde geskiedenis vir die senior sertifikaat sts IX en X. (F A van Jaarsveld, (red en skrywer van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, pp 247—514) in medewerking met Theo van Wijk, dr Jan Ploeger, dr J P Bruwer en dr J I Rademeyer). Voortrekkerpers, Johannesburg, 1959, 545 pp., 1963².

History for standard VI (dr. Behr het die reeks in Engels vertaal), Voortrekkerpers Johannesburg, 1958, 166 pp.

Illustrated History for the High School std. VII. Voortrekkerpers, Johannesburg 1958, 244 pp.

Illustrated History standard 'III. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1959, 1965³, 287 pp.

Illustrated History for senior certificate std. IX and X (in conformity with the new differentiated curriculum for the Transvaal). Voortrekkerpers, Johannesburg, 1961, 530 pp. (1962²).

Hierdie reeks is in 1967 in ooreenstemming gebring met die nuwe kernleergange vir Transvaalse skole en het verskyn as: *Nuwe geïllustreerde geskiedenis St. VI.* Voortrekkerpers, Johannesburg, 1968, 225 pp.

Nuwe geïllustreerde geskiedenis St. VII. Johannesburg, 1968, 289 pp.

Nuwe geïllustreerde geskiedenis St. VIII. Johannesburg, 1968, 325 pp.

Nuwe geïllustreerde geskiedenis vir die senior sertifikaat (sts IX en X), deel I; (F A van Jaarsveld: Suid-Afrikaanse geskiedenis). Voortrekkerpers, Johannesburg, 1968, 408 pp.

Nuwe geïllustreerde geskiedenis (sts IX en X), deel II. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1968, pp. 1–83 en 317–365.

Die reeks is weer in Engels uitgegee as *New illustrated History*.

In ooreenstemming met die 1973-leergange is die reeks vir die derde keer aangepas, herskrywe of aangevul. Op basis van prof. Van Jaarsveld se vroeëre tekste (en enkele nuwe aanvullings) het dr. B J v d Merwe (oorlede in 1980) en mnr. Nic Dreyer medeskrywers geword:

Die Verhaal van my Land en Algemene Geskiedenis St. 5. (in medewerking met B J v d Merwe, Nic Dreyer en J F Fourie). Perskor, Johannesburg, 1974, 182 pp. (Ook in Engels.)

Nuwe geïllustreerde Geskiedenis St. 6 (in medewerking met Nic Dreyer en B J v d Merwe). Perskor, Johannesburg, 1974², 314 pp. (Ook in Engels).

Nuwe geïllustreerde Geskiedenis St. 7 (met medewerking van Nic Dreyer, B J v d Merwe, P H Kapp). Perskor, Johannesburg, 1973, 217 pp. (Ook in Engels.)

Nuwe geïllustreerde Geskiedenis St. 8. Perskor, Johannesburg, 1973, 222 pp. (Ook in Engels).

Nuwe geïllustreerde Geskiedenis St. 9 (SA deel, pp. 151–372) (met medewerking van Theo van Wijk). Perskor, Johannesburg, 1974, 372 pp. (Ook in Engels).

Nuwe geïllustreerde Geskiedenis St. 10 (met medewerking van A P J van Rensburg en P H Kapp). Perskor, Johannesburg, 1975², 434 pp. (Kapp pp. 1–179; Van Rensburg pp. 180–219, 369–392, 418–434, Van Jaarsveld, pp. 220–467, 393–416). Engelse vertaling in proses van publikasie (1982).

2 ARTIKELS IN TYDSKRIFTE OF IN KOLLEKTIEWE WERK

2. Wetenskaplike geskiedskrywing berustende op navorsing in argiewe of ander bronne

Landmeting in die ou dae. *Historiese studies*, jrg. 9, Junie 1947, pp. 45–52.

Paul Kruger se eerste pennestryd. *Die Huisgenoot*, 10/10/1947.

Tydgenote oor die Boer, die onderwys en die onderwyser. *Historiese Studies*, jrg. 8, Jan 1948, pp. 86–97.

Die Traktaat van Zandrivier. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Oktober 1951, pp. 190–199.

Was Paul Kruger werklik groot? Die Huisgenoot, 12 Oktober 1951

Om die wieg van Suid-Afrika: Die betrekkinge tussen Engelse en Nederlanders vanaf die opstand teen Spanje tot 1952. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, April 1952, pp. 10–57.

Die Krugerfiguur in die Tweede Wêreldoorlog. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, April 1955, pp. 56–64.

Paul Kruger, leier in tyd van beroering. Die Huisgenoot, 10 Oktober 1955.

Veldkornet, A P van der Walt, die man op wie se plaas Pretoria uitgelê is. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Desember 1955, pp. 105–144.

Die ontstaansgeskiedenis van die begrippe 'Voortrekkers' en 'Groot Trek'. Hertzog-Annale, Desember 1955, pp. 75–94.

Anthropo-geographical Aspects of the Great Trek, 1836- 1863. Historia, Junie 1963, pp. 93–99.

Transvaal en die Tweede Basoeto-oorlog. Historia, Junie 1956, pp. 52- 61; Sept 1956, pp. 167–176.

Die Traktaat van Zandrivier. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Oktober 1951, pp. 190–199.

Was Paul Kruger werklik groot? Die Huisgenoot, 12 Oktober 1951.

Om die wieg van Suid-Afrika: Die betrekkinge tussen Engelse en Nederlanders vanaf die opstand teen Spanje tot 1952. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, April 1952, pp. 10–57.

Die Krugerfiguur in die Tweede Wêreldoorlog. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, April 1955, pp. 56–64.

Paul Kruger, leier in tyd van beroering. Die Huisgenoot, 10 Oktober 1955.

Veldkornet, A P van der Walt, die man op wie se plaas Pretoria uitgelê is. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Desember 1955, pp. 105–144.

Die ontstaansgeskiedenis van die begrippe 'Voortrekkers' en 'Groot Trek'. Hertzog-Annale, Desember 1955, pp. 75–94.

Anthropo-geographical Aspects of the Great Trek, 1836- 1863. Historia, Junie 1963, pp. 93–99.

Transvaal en die Tweede Basoeto-oorlog. Historia, Junie 1956, pp. 52–61; Sept 1956, pp. 167–176.

Stryd tussen twee presidente Paul Kruger en Thomas Burgers. **Die Huisgenoot**, 28 Januarie 1957.

Die Transvaalse presidentsverkieping van 1871-72. **Tydskrif vir Wetenskap en Kuns**, April 1957, pp. 21-46.

Die Vrystaat-Transvaalse vriendskapsverdrag van 1872. **Historia**, Desember 1957, pp. 148-162.

Besprekingsartikel: *Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie.* **Historia**, Junie 1965, pp. 141-145.

Verskeie bydraes tot die **Ensiklopedie vir Suider-Afrika**: pp. 5, 6 & 7

Bydrae in "RSA-jaarboek" (Da Gama-uitgewers, Johannesburg, verskeie uitgawes sewentigerjare) oor die Suid-Afrikaanse historiografie.

Bydraes tot **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek**, deel I, 1968: D J Erasmus (pp. 290-91); T F Burgers (pp. 138-142) en A P J van der Walt (pp. 856-857).

Uit die album van 'n Boere-krygsgevangene: Friedrich Ernst Otto Mörs. **Historia** Maart 1973, pp. 36-44.

Mostert na die maal. Besprekingsartikel van Slagtersnek en sy mense (J A Heese) **Historia**, Mei 1974, pp. 36-39.

Die belangrikheid en kenmerke van die tydperk 1806-1854 in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis. **Historia**, September 1974, pp. 136-143

Staatspresident W C J van Rensburg, 1818-1865. Gedenklesing. **Historia**, Mei 1975 pp. 81-86.

The Afrikaner's idea of his calling and mission in South African history. **Journal of Theology for Southern Africa** (South African civil religion), 19, Junie 1977, pp. 16-26.

Suid-Afrikaanse houdings teenoor die stad. **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** 18/2 Junie 1978, pp. 112-131.

Geloftedag in die ban van die tyd. **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** 18/3 Sept-Des 1978, pp. 222-242.

Von der Apartheid zu den Anfängen eines demokratischen Pluralismus. Südafrika im Umbruch? Veröffentlichung des HWWA Institut für Wirtschaftsforschung. Hamburg, herausgegeben von Heinz-Dietrich Ortlieb und Dieter Lösch. Verlag Weltarchiv, Hamburg 1980, pp. 57-98.

Dieselfde artikel: **Zeitschrift für Politik**, 4/81, Sp. 1(8/81 München, 1981

From Apartheid to incipient democratic pluralism. Nic Rhodie (ed) **Conflict**

resolution in South Africa, the quest for accomodationist policies in a plural society. Institute for Plural Societies, University of Pretoria, Pretoria, 1980, pp. 119–137.

Die Afrikaner se groot trek na die stede. Sosiaal-ekonomiese strukture en kultuurhistoriese perspektiewe. P G Nel (red.): **Die kultuurontploffing van die Afrikaner.** H A U M, Pretoria, 1979, pp. 162–244.

Die ontstaan van Afrikanernasionalisme 100 jaar gelede (by die herdenking van die Eerste Vryheidsoorlog 1880–1881). **Tydskrif vir Geesteswetenskappe**, 20/3, Sept. 1980, pp. 220–231.

Die ontmitologisering van die Afrikaner se geskiedsbeeld. A J Coetzee (red.): **Hulsels van kristal**, bundel aangebied aan Ernst van Heerden by sy 65ste verjaardag. Tafelberg, Kaapstad, 1981, pp. 195–210.

Die Transvaalse Vryheidsoorlog binne die raamwerk van die 19de eeuse vryheidstryd van die Afrikaner. **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** 21/2, Junie 1981, pp. 131–147.